

WAT IS DIE **WERKLIKE**
PRYS VAN GELOOF?

Die
Prys

DIE TYDSKRIF VAN
UNDERGROUND SUIDER-AFRIKA

Blackout

Mini-Gids

Spandeer 48-uur aflyn vir vervolgde
Christene wat nie 'n stem het nie.
Sal jy kan stilbly?

November 2017




WWW.OPENDOORS.ORG.ZA



[FB.COM/UNDERGROUND-SA](https://fb.com/underground-sa)



[@UNDERGROUND_SA](https://twitter.com/UNDERGROUND_SA)



**Geen Instagram.
Geen Snapchat.
Geen FaceTime.
Geen speletjies.
Geen Facebook.
Geen foon.
Geen Internet.**

48-uur aflyn.

**Totale digitale
'blackout'.**

**Sou jy dit kan
hanteer?**

Wat?

BLACKOUT is 'n geborgde 48-uur digitale vas ten bate van vervolgte Christene. Dit beteken 'n hele naweek sonder jou foon, die Internet, sosiale netwerke of enige iets anders wat betrekking het met die Internet.

Hoekom?

Vervolgde Christene, om die wêreld heen, het nie 'n stem nie. Miljoene word vervolgt, gedreig, geslaan, gearresteer, gemartel en party selfs doodgemaak vir hulle keuse om Jesus te volg. Hulle word stilgemaak. Deur geborg te word om stil te word aanlyn, sal jy geld insamel vir verandering, en die tyd wat jy nie op jou foon spandeer nie, gebruik om te bid – en so, 'n groot geraas voor God te maak vir ons vervolgte familie.

Wanneer?

BLACKOUT 2017 vind plaas in November van 7nm op enige Vrydag tot 7nm op die Sondag (maar as die dae jou nie pas nie, kan jy BLACKOUT doen wanneer jy ook al wil)!

Laat weet ons dat jy deelneem

Stuur 'n epos na undergroundsa@od.org of laat weet ons via Facebook of Twitter.

Hoe om te BLACKOUT

1. Vas

BLACKOUT gaan daaroor om vir h hele naweek jou tegnologie prys te gee en stil te wees aanlyn. Dit gaan oor om te verstaan wat dit beteken om, soos talle vervolgte Christene om die wêreld, nie die vryheid te hê om openlik te praat en ons lewens te deel nie.

Maar dis ook meer as dit. Kom ons wees eerlik, ons is verslaaf aan ons fone. Ons maak daarop staat om voortdurend deur die dag ons drange te voed. So ons gee dit op, om te herfokus en ons aandag terug te sit waar dit hoort; op God, die Almagtige Skepper en liefdevolle Vader.

Dit gaan oor om verbindings te maak, beide met ons vervolgte familie en met God. Twee dae waartydens ons, ons vryheid inperk om langs vervolgte Christene te staan. Twee dae sonder die konstante afleiding van ons fone om te herfokus en Hom te soek.

2. Bid

BLACKOUT gaan daaroor om stil te wees aanlyn sodat ons h groot geraas kan maak in gebed voor God. Soos jy in die volgende paar bladsye sal lees, het vervolgte Christene ons gebede nodig. Hulle het nodig dat ons saam met hulle na God soek – om te vra vir genesing, moed, dapperheid, volharding en verandering. Soos Broer Andrew, die stigter van Geopende Deure sê:

“Ons gebede kan gaan waar ons nie kan nie... daar is geen grense, geen tronkmure, geen deure wat vir ons toe is wanneer ons bid nie...”

Gebruik die stories in hierdie boekie om jou gebede te lei.

3. Insamel

Gebed en aksie gaan saam. Dit is hoekom ons jou vra om borge in te samel en te help om geld en blootstelling te genereer, sodat die vervolgte Kerk om die wêreld kan aanhou om die lig en hoop van God se liefde te laat skyn. Terwyl jy borge kry, vra mense om die *Een Miljoen Stemme van Hoop*-petisie te teken wat h beroep op die VN doen om die regte en toekoms van Christene in die Midde-Ooste te beskerm. Besoek www.opendoors.org.za/hoop om jou naam by te voeg en die petisieform af te laai.

Stel 'n doelwit

BLACKOUT is h geborgde digitale vas. Dit beteken dat jy geld kan insamel om vervolgte Christene te help deur die uitdaging aan te pak om h naweek van die Internet af te gaan. Stel h doelwit en sien wat jou pogings kan bereik. Hier is h paar voorbeelde:

R75 kan een geïsoleerde Christen van h digitale Bybel voorsien. Digitale Bybels is nie net vinniger en veiliger as om gedrukte kopies te versprei nie, daar is ook h kleiner kans dat gelowiges gevang sal word met Skrifgedeeltes en Christelike literatuur in hulle besit.

R125 kan een Christen voorsien van hulle eerste Bybel ooit. Baie Christenfamilies wat op Irak se Nineve Vlaktes gebly het, het al hulle besittings verloor – insluitende hulle Christelike literatuur – toe hulle in 2014 van IS moes vlug. *“Deur hierdie boekie verstaan ek wie Jesus is,”* sê 15-jarige Fadia. Maar steeds wag talle gelowiges regoor die wêreld vir hulle heel eerste Bybel!

R750 kan 10 Christene van digitale Bybels en Christelike literatuur voorsien. *“Dankie vir die audio-Bybel,”* was die uitroep van h nuwe gelowige in h streng Moslemland in Suidoos-Asië. *“Ons is lief daarvoor om daarna te luister!”*

Alleen of in 'n groep?

BLACKOUT is redelik eenvoudig. Jy moet net vir 'n naweek die Internet, of enige tegnologie wat met die Internet gepaard gaan, opgee. Dan bid jy. Jy kan dit alleen doen, of in 'n groep.

Alleen

As jy BLACKOUT op jou eie doen, maak seker dat jy ons mees onlangse Wêreldwaarnemingskaart aflaai by: www.opendoors.org.za/afr/blackout

Sit dit op jou muur saam met die stories in hierdie gids en verander jou slaapkamer in 'n mini-gebedspasie!

In 'n Groep

Gaan groot! Maak 'n gebedskamer reg, hou 'n diens of byeenkoms en maak 'n groot geraas saam in gebed.

Voordat jy BLACKOUT

Vertel mense en kry borge

Versprei die nuus en vertel mense wat jy doen. En moenie vergeet om borge in te samel nie. Besoek www.opendoors.org.za/afr/blackout om jou borgvorm af te laai.

Pak weg

Net voor jy jou BLACKOUT begin, gryp jou foon, tablet, skootrekenaar, Xbox of enige ander toestel wat met die Internet gekoppel is en 'n versoeking mag wees, en sit dit in 'n kas of 'n boks. Pak dit weg en plaas 'n nota op die deur of boks wat sê, "Moenie oopmaak tot Sondag 7nm nie!"

BLACKOUT REÛLS

1. BLACKOUT is van Vrydag 7nm tot Sondag 7nm*.
2. Gedurende daardie tyd sal jy geen toegang hê tot enige toestelle wat verbind is aan die Internet nie. Dit sluit in: fone, skootrekenaars, tablette, TV's en speletjiekonsole**.
3. Geen aanlynstroom van musiek, geen toegang tot aanlynspelletjies, TV, sosiale media of enige iets anders wat jy aanlyn sal doen nie. Dit gaan daaroor om af te skakel.

Dis basies dit.

*Jy kan natuurlik ook BLACKOUT vir 'n langer of 'n korter periode doen. Party groepe het al 24-uur gedoen, terwyl ander vasberade individue 'n hele week gedoen het!

**Gebruik asseblief jou gesonde verstand. Indien jy in 'n noodgeval is, gebruik jou foon. As jy jou huiswerk moet doen, studeer of werk, gaan aanlyn, maar net vir daardie redes (geen vermaak nie).





Gedurende jou BLACKOUT

Gebruik hierdie eenvoudige stories en gebede om jou te help om gedurende BLACKOUT op ons vervolgte familie te fokus.

GEBRAND

Noeh is 12. Hy is van 'n dorp in Irak, genaamd Karamles. Soos baie mense wat eens op 'n tyd daar gewoon het, is sy familie Christene. In 2014 het die sogenaamde Islamitiese Staat (IS), 'n gewelddadige ekstremistiese groep, sy dorp binnegeval. Almal het gevlug.

Sedertdien, woon Noeh en sy familie in 'n stad genaamd Erbil – dit is in 'n veiliger deel in noordelike Irak. Hulle is onthoem en ontvang verskillende tipes hulp van Geopende Deure se vennote.

Teen die einde van 2016 het IS teruggeval en Karamles verlaat. Maar Noeh en sy familie kan nie huis toe gaan nie. IS soldate het hul huis afgebrand. Ongeveer 450 huise in die dorp is afgebrand, ongeveer 'n 100 is totaal vernietig.

Noeh se huis staan nog. Hy kan in die verkoolde oorblyfsels van sy kamer rondloop. Hy het selfs van sy ou albasters, wat die vuur oorleef het, gevind. Maar vir nou, vir Noeh en baie ander van Karamles, het die terugkeer huis toe nou maar eers begin.

BID

Bid vir Noeh en sy familie, namate hulle oorweeg om hulle lewens te herbou en terug te keer na Karamles. Bid dat daar hulp sal wees om die herbouproses te begin. Bid vir 'n toekoms van vrede en sekuriteit vir alle mense in Irak.

KLIPPE

Simon is net 5. Hy is van Algerië, 'n Moslemland in Noord-Afrika. Hy is van 'n Christen-familie, wat maak dat hy en sy ouers uitstaan van die res van die gemeenskap.

Die feit is, hulle staan nie net uit nie, hulle is teikens. Mense hou nie van die feit dat Simon se familie gekies het om Jesus te volg nie. En hulle wil hê dat selfs die klein vyfjarige dit moet weet.

Uitstappies uit die huis uit word gereeld kortgeknip. Net onlangs het Simon se pa gehoop om sy seun te vat vir roomys. Maar 'n groep plaaslike mense het hulle gesien en hulle met klippe begin gooi. Dit was nie die eerste keer dat dit gebeur het nie. Niks het hulle getref nie, maar hulle het vinnig terug huis toe gekeer.

Toe hulle veilig terug by hulle huis was, het Simon sy pa gevra "Hoekom gooi mense ons met klippe, hoekom hou mense nie van ons nie?" Sy pa het hom geantwoord "*Simon, ons is anders omdat ons die Here dien, ons volg Jesus... hulle aanvaar nie mense wat anders is nie...*" Simon se ma het haar seun getroos. Sy het hom belowe dat hulle die volgende dag 'n roomys sal kry, en toe bid hulle vir hulle aanvallers.

BID

Bid vir Simon en sy familie. Vra vir beskerming, veiligheid en dapperheid. Bid dat Simon sal groot word met 'n sterk geloof, ten spyte van die aanvalle.

BOM

Christene van regoor die Midde-Ooste verduur alle tipes druk, van intimidasie en dreigemente tot die gevolge van die lewe in 'n oorlogssone.

Milad is vanaf Homs in Sirië. Die oorlog het verwoesting in sy lewe gesaai. 'n Paar jare gelede, is hy en sy broer oorval deur 'n motorbomaanval. Beide moes sedertdien 'n been laat amputeer. Asof dit nie genoeg is nie, is sy ander broer sedert 2012 vermis. Baie mense is ontvoer, en baie word vermis.

As gevolg van sy beserings kon Milad vir 18 maande nie werk nie. Maar hy het onlangs 'n werk gekry in 'n fabriek wat deur Geopende Deure ondersteun word. Ten spyte van al die verskriklike dinge wat gebeur het, het Milad nog nie moed opgegee nie:

"Ten spyte van alles wat met ons gebeur het, het my hoop in God groot gebly. God sal ons nie in die steek laat nie. Jesus het gesê: 'Moenie bang wees nie, Ek is met jou tot die einde van die wêreld...'"

BID

Bid dat Milad sal aanhou om sy hoop in God te vind. Vra dat Milad se vermiste broer met sy familie herenig sal word en dat ander wat vermis is, huis toe sal keer. Bid vir vrede en vir fisieke en emosionele genesing vir die wat deur die oorlog geaffekteer is.



GESLAAN

Nagmaal, of die Here se Avondmaal, is een van die mees betekenisvolle gebruike in Christenskap. Dit is h tyd wanneer ons brood eet en wyn drink om Jesus se dood en opstanding te onthou. Dit is wanneer ons terugkeer na die feit dat God se liefde so groot is dat niks ons kan veroordeel nie. Dit gaan daaroor om h nuwe begin te maak en Sy onbeskryflike genade te verstaan.

Maar vir party is die viering van die Here se Avondmaal nie so eenvoudig nie. In Iran, is drie Christenbekeerlinge vanuit h Moslemagtergrond, Yaser, Saheb en Mohammad, gearresteer en gevonnissen tot 80 loesings omdat hulle wyn gedrink het tydens h nagmaalsdiens. Alkohol word verbied in Iran, maar Christene word toegelaat om wyn te drink as deel van h nagmaalsdiens. Hulle arrestasie en die klagtes teen hulle wys dat die Iranse regering nie wil hê dat mense in staat moet wees om hul geloof te verander nie, wat h basiese mensereg is. Die drie het hulle klagtes geappelleer en wag steeds vir die regter se besluit.

DEEL EN BID

Deel nagmaal saam met jou vriende of kleingroep. Wanneer jy die wyn/sap drink en die brood eet, bid vir Yaser, Saheb en Mohammad. Bid vir hulle vrylating en vir waagmoed, dapperheid en krag vir Christene regoor Iran.



Na die BLACKOUT

Dink na

Hoe was dit? 'n Hele naweek sonder die Internet. Het jy oorleef? Wat het jy geleer, geniet, en wat was vir jou moeilik? Was daar enige stories wat jou uitgedaag het? Het God met jou gepraat?

Vorder borgskappe in

Vorder al jou borgskappe in. Moenie te lank wag nie en maak seker jy bedank die mense wat jou ondersteun het. Jy mag dalk selfs 'n geleentheid kry om in jou kerk of jeuggroep te verduidelik wat jy gedoen het!

Vertel ons

Ons sal graag wil weet wat jy gedoen het, wat jy geleer het, en enige ander terugvoer van jou kry. Kontak ons op undergroundsa@od.org, Facebook of Twitter. Jy sal ook die geld wat jy ingesamel het aan ons moet stuur. Deponeer die geld wat jy ingesamel het in een van ons bankrekeninge (besonderhede hieronder) en gebruik jou verwysing BO17.

Bankrekening:

**Geopende Deure, ABSA, Northcliff (632005),
Rek. nr. 160340568**

**Geopende Deure, Nedbank Besigheids-
rekening (198765), Rek. nr. 113 750 4552**

Gaan weer op die Internet

Maak 'n groot geraas aanlyn oor wat jy gedoen het en hoekom. Deel jou storie en die stories van die vervolgde Christene vir wie jy gebid het. Maak seker dat jy ons volg op Facebook, Twitter en Instagram vir die jongste nuus en meer.

Vind ons by:



[underground_sa](https://www.facebook.com/underground_sa)